ecsponent
bele met die tye

ecsponuus

NUUSBRIEF | MEI | 2016

Die waarde van goeie advies



Dr Anton Hay-
Bemarkingsdirekteur
Ecsponent Finansiële Dienste

Beleggers is soms geneig om paniekbevange te raak en impulsiewe besluite te neem in tye van ekonomiese onsekerheid en moeilike markomstandighede.

Baie onttrek dan uit die markte omdat hulle verliese vrees, sonder om hul besluite op feite te baseer. Gewoonlik is dit juis dan wat hulle die grootste verliese ly.

Dit is veral die swaard van rommelstatus vir Suid-Afrika wat beleggers tans laat skarrel. Sommiges glo dat so 'n afgradering plaaslike beleggings sal skaad en die waarde van aandele op die JSE en gevolglik effektetrusts laat daal. Ander glo weer dat ons nou al so lank met die kwessie worstel, dat die mark reeds 'n afgradering in aandeelpryse verwerk het.

Die waarde van goeie advies in onsekere tye is krities belangrik en navorsing het getoon dat beleggers wat saam met finansiële adviseurs/beplanners werk, meer gedissiplineerd is en beter opbrengste verdien.

Maar wie kan jy vertrou? Volgens die Global Consumer Survey weet sowat 70% van Suid-Afrikaners -- vergeleke met sowat 66% wêreldwyd -- nie wie om te vertrou as dit by finansiële advies kom nie.

Die algemene persepsie onder plaaslike beleggers is dat finansiële produkte wat aan hulle verkoop word, nie die verkoopsbeloftes gestand doen nie en dat meer kostes verhaal word as wat voorgehou is.

Juis daarom wil beleggerswil sekerheid hê oor drie sake:
die veiligheid van geld/kapitaal wat belê is, die opbrengs wat verwag word en likiditeit,

of hoe maklik die geld onttrek kan word. Al drie hierdie kwessies word deur Ecsponent se beleggingsprodukte aangespreek en dit bied 'n duidelike oplossing as daar aan die meriete van adviseurs se aanbevelings getwyfel word:

1. Ecsponent se beleggingsveiligheid

Een van die groot voordele wat voorkeuraandele van 'n genoteerde maatskappy bied, is dat die maatskappy onder die wakende oog van beleggers, reguleerders en ander belanghebbendes bedryf word. Nie alleen is die houermaatskappy, Ecsponent Beperk, op die beurs van die JSE genoteer nie, maar ook die inkomste en kapitaalgroei beleggingsprodukte as voorkeuraandele.

Die JSE is benoem as een van die wêreld se bes-gereguleerde aandelebeurse en hulle het streng vereistes en regulasies wat maatskappye wat daarop genoteer is reguleer.

Die JSE het Ecsponent se voorkeuraandeleprogram van R5 miljard goedgekeur en al die besonderhede word in die memorandum uiteengesit. Vir die beleggers wat in die inkomsteklasse (A en C) belê het, word dividende van voorkeuraandele maandeliks regstreeks deur 'n JSE goedgekeurde betaalmeester uitbetaal en 'n dividendkalender word uitgereik wat aandui watter bedrag betaal moet word.

Verder voldoen ons aan die vereistes wat wetgewing en ander beleggingsprodukbeheerliggame -- soos die SA Inkomstediens

en die Finansiële Diensteraad – aan ons stel. Die maatskappy het oor die jare goeie kliënteverhoudinge gehandhaaf en 'n lang geskiedenis opgebou vir bogemiddelde beleggingsprestasie.

2. Stabiele beleggingsopbrengste

In teenstelling met gewone effektetrusts wat fluktueer soos die markte verander, bied Ecsponent se voorkeuraandele 'n vaste koers, ongeag wat met die JSE-genoteerde aandele gebeur. Die opbrengs is dus nie aan sentiment gekoppel of wat moontlik in China of elders in die wêreld aangaan nie.

Klas B bied byvoorbeeld 'n saamgestelde kapitaalgroeikoers van 11,2% per jaar en gee 'n vaste koers van 70% oor 'n tydperk van vyf jaar. Klas A betaal 'n inkomstekoers van tussen 8.5% en 9% 'n jaar, afhangende van die bedrag wat belê word. Ecsponent bied ook 'n uitstekende prima rentekoers-gekoppelde produk aan kliënte met groter portefeuljes. Die vasgestelde koerse stel beleggers in staat om presies te weet wat hulle verdien.

3. Likiditeit

Hierdie beleggings is op die JSE genoteer en het soortgelyke eienskappe as ander aandele op die beurs. Die beste is om dit as 'n belegging van vyf jaar te beskou. Ná vyf jaar koop Ecsponent outomaties die belegging terug teen die ooreengekome kapitaal en opbrengs. Dit word bevestig in die toepaslike prysskedule (Applicable Pricing Supplement) wat met die belegger bespreek word.

Die samestelling van Ecsponent se produkte verseker dus dat beleggers 'n waterdigte plan het en dat Ecsponent hul finansiële risiko's verstandig bestuur. Beleggers kan dus gerus wees dat Ecsponent se produkte aan al drie vereistes van beleggers voldoen: veiligheid, bo-gemiddelde opbrengste en likiditeit.

Emosie in beleggings

Beleggers neem al te dikwels besluite na aanleiding van wat die openbare sentiment oor 'n belegging of 'n aandeel is.

Hierdie slaafse navolging van populêre opinies kan jou egter duur te staan kom.

Sentiment word gekenmerk deur wispelturigheid en veranderlikheid- 'n strategiese interaksie wat is soos 'n spel met spesifieke reëls wat slim òf dom gespeel kan word.

Slimmer as die massas

Slim beleggers soos Warren Buffett, gebruik die sentiment van die massas tot hul voordeel. Hulle stel vas waarvan die meerderheid beleggers nie hou nie, en belê dan juis daarin. Buffet is een van die wêreld se top beleggers en hy verstaan dat die meeste mense dieselfde beleggings as ander wil maak, want dit laat hulle veilig voel. Hy glo dat as almal van 'n aandeel of belegging hou, dit sal duur raak en dis teenstrydig met beleggingswysheid wat sê, "koop laag en verkoop hoog". Hy belê daarom juis in dit wat strydig met die algemene sentiment is.

Huidige ekonomiese druk maak baie beleggers paniekbevange en elkeen het sy eie donker teorie oor wat die toekoms inhou. Ten spyte van die ekonomiese uitdagings het die rand in die laaste maand versterk, kommoditeitspryse het hul kop gelig en die JSE se algemene indeks het stewiger herstel en die slim beleggers het munt geslaan.

Volg goeie beleggingsbeginsels en hou jou oog op die einddoel

Ons lewe in 'n era waar inligting 24/7 beskikbaar is. Daarby word ons toegegooi met inligting wat op ons emosies gefokus is om sensasie te ontlok. Daarom, wanneer dit lyk of ons beleggingsplanne kan skeefloop, is ons lief om ander te blameer: die politici, die rand, die ekonomie en sommer ook die Guptas en Zuptas!

Die patroon word telkens herhaal as daar regstellings in die mark is. Dit is egter belangrik om nie op loop te gaan met emosionele "inligting" oor die mark en dan irrasionele beleggingsbesluite te neem nie. Boonop stel die soort inligting ons selde in staat om die waarde van ons eie beleggingsbesluite te evalueer.

Beperk liefs die inname van sensasionele inligting en fokus eerder op feite - 'n belegging se eienskappe en opbrengste. Kyk na die waarde wat gebied word en hou by 'n beleggingstrategie wat volgehoue groei en lae risiko verseker.

Dit is presies wat Ecsponent se voorkeuraandele bied: vasgestelde opbrengste, ongeag wat in die mark of op die JSE gebeur terwyl jy gerus is in die wete dat JSE-genoteerde voorkeuraandele jou sekuriteit bied.

Die benadering tot waarde sal verseker dat jy nie hoef te skarrel om tydsberekening van die mark reg te kry nie en dat jy 'n bogemiddelde belegginskoers sal kry.

Hierdie inhoud is slegs vir inligtingsdoeleindes en moet nie as advies beskou word nie.